# Vakansie Bybelskool Nuusbrief
## September 2012

Ons as span het met groot opgewondenheid voorbereidings getref en uitgesien na hierdie eerste groot geleentheid in Brentwoodpark Laerskool. Dankie eerstens aan Mnr Lotz vir die geleentheid en sy vertroue in my en die span om met hierdie kosbare juwele van julle skool te kon werk.





Maandag het alles gedraai rondom die skatkis wat gesoek moes word en dan ook elkeen sy eie skatkis te maak. Dit was so lekker om te kon sien en beleef hoe die kinders hulle kon inleef in die verhale uit die Bybel. My begeerte is dat elke maatjie wat daar was die skatte wat ons uit die Woord ontdek het, in hul harte sal bêre en sal gaan uitdeel in die gemeenskap daar buite.

Natuurlik was daar ook genoeg tyd elke dag vir Skattejag om die 4 sleutels te soek om die skatkis oop te sluit. En beslis baie tyd vir speletjies speel, eet, koeldrank drink en net lekker aktiwiteitstyd. Ons doelwit is om die kinders lief te maak vir God's Woord en terselfdertyd heerlik pret te hê op 'n gesonde manier. Vra gerus jou kinders uit!







**Ons is dankbaar vir elke maatjie wat sy/haar hart vir Jesus oopgemaak het in hierdie week. Help jou kind om 'n lewende getuie vir God te wees. Hulle het nogsteeds baie leiding nodig en 'n goeie voorbeeld tuis en by die skool.**












**Dankie vir jou gebede en liefde !**
**Belinda Bothma**
**073 835 5084**